



VIR DIEGENE
GEWOOND AAN
DIE BESTE
Forrer
SE WYNE



Die



VIR U VRIENDE
VIR U GASTE
EN VIR U
Forrer
SE WYNE

O.B. Klaar Met Bron Van Verdeeldheid

Beroepe Moet in Volksraad Verteenwoordig Word

EEDVERBREKING VOORWAARDE VIR H.N.P.-LIDMAATSKAP

Die Ossewabrandwag self gaan in Kimberley-distrik geen kandidaat stel nie, maar of hy die een of ander kandidaat gaan steun, sal afhang van die houding van so'n kandidaat. Oor hierdie punt is daar nog onsekerheid, dog oor een punt is daar hoegenaamd geen onsekerheid nie, en dit is dat hierdie kiesafdeling in 'n provinsie val waarbinne O.B.-lede, volgens opdrag van dr. Malan, binne die volgende paar weke uit die H.N.P. gesit moet word, tensy so'n O.B.-lid bereid is om sy eed teenoor die Ossewabrandwag en die band tussen hom en sy kamerade in kamp en tronk te verbreek, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, op 13 April gesê by geleentheid van 'n vergadering in die Eendragaal, Braamfontein.

Die K.G. het voorts beklemtoon dat die Ossewabrandwag met die skepping van 'n Volksfront voortgaan wat kandidate sal stel in ooreenstemming met die beginsel van beroepsverteenvoordinging.

Die K.G. het verwys na die onlangse aanbod van die O.B. aan leiers van die opposisie-groepe vir samewerking, sonder dat enige deelnemende organisasie sy identiteit prysgee. Die H.N.P. of V.P.-leier het dit van die hand gewys met 'n lang aanhaling van verwyte, elkeen waarvan so skeef was dat mens selfs ou bekende feite nie meer herken het nie. Die ander het gevoel dat as die H.N.P. of V.P. samewerking weier, dan kan 'n samewerking van andere nie die doel bereik nie. Met ander woorde as die H.N.P. of V.P.-leiers wil aanhou skur en baklei met mede-Afrikaners, dan kan die ander mede-Afrikaners niks doen om broederlike verhoudings te herstel, al is dit ook net onder mekaar. Dit is voorwaar 'n tragiese posisie en dit plaas op die skouers van Keeromstraat 'n verantwoordelikheid waarteen hulle, in aansien van uitkopbevele en uitleweringstoesprake, seer sekerlik nie opgewasse is nie. Dit is kortliks, soos ons die situasie sien. Hoewel hierdie houding ons spyt wil ek graag hier my waardering uitspreek vir die gees waarin enige van die leiers die voorstel beantwoord het. Veral uit die antwoord van mnr. Havenga blyk 'n redelike poging om sonder verwyte aan wie ookal die toestand te ontleed. Maar ook hy sien nie kans nie — altans nie op hierdie tydstip nie. Die Ossewabrandwag hou nog altyd die deur oop vir samewerking, ook op parlementêre gebied, met behoud van identiteit. Dit bly vir alle anti-Kommunis-

tiese en vaderlandsliewende organisasies oop. Maar al hou ons die deur oop, ons gaan nie intussen uitspan nie; ons gaan voort. Of en waar so'n parlementêre volksfront met verkiesings in werking gaan tree, hang natuurlik van plaaslike omstandighede af. In kiesafdelings waar net kombesstemme te vinde is, het so'n front min vooruitsig. Ongeopponeerde kiesafdelings is geen rariteit nie; by geen party nie, en dit hoef by ons Front dit ook nie te wees nie.

KIMBERLEY

Op die oomblik is Kimberley die enigste aktuele geval. Niemand hoef te hoop of te vrees dat die Ossewabrandwag self 'n kandidaat gaan stel nie. Of hy een of ander kandidaat sal steun, hang af van die houding van die betrokke kandidaat. Op hierdie punte is voorlopig taamlike onsekerheid. Maar op een punt is ongelukkig hoegenaamd geen onsekerheid meer nie. Naamlik dit: die verkiesing val in 'n provinsie waarin elke O.B.-lid, volgens besluit van dr. Malan, binne die volgende paar weke uit die H.N.P. uitgesit moet word. As 'n O.B.-man of vrou nie bereid is om hul eed teenoor die Ossewabrandwag te breek nie — die band tussen hulle en die kamerade in tronk en konsentrasiekamp te breek nie — dan is hy of sy na Meimaand nie meer goed genoeg om lid van die H.N.P. of V.P. te wees nie.

Enige blanke, Afrikaner of te nie, is goed genoeg vir lidmat-

skap, maar 'n mede-Afrikaner uit die konsentrasiekamp is nie genoeg nie, tensy hy sy eed breek teenoor die saak waaraan hy glo.

Dit gaan natuurlik ook ons houding affekteer in die tussenverkiesing. As die H.N.P. of V.P. die setel aan die Regering wil gee deur republikeine en mede-Afrikaners voor die verkiesing uit te sit, dan is dit hulle saak. Hul saak en hul teenstanders se setel. Maar hulle moenie van enige mens met selfrespek of gesonde verstand verlang dat hy of sy moet beskou word te sleg om lid te wees, maar nie te sleg om vir die kandidaat te stem nie. As hulle die setel aan die teenstander wil gee dan is dit hul saak en die teenstanders se setel; ons kan hulle nie keer nie.

KAN NIE STEM

Maar hulle moenie hoop om te spekuleer met die Afrikanergevoelens van Brandwagte deur te sê: jou jarelange toewyding, jou Afrikanerhart en Afrikanerbloed is nie genoeg om jou te laat lid wees nie. Maar jou stem is goed genoeg, nes dié van enige kleurling, wat ook nie goed genoeg is om lid te wees nie, maar wat ook goed genoeg is om vir die kandidaat te stem. Nee, die Ossewabrandwag is nie net goed genoeg nie; hy is te goed om by enige ander deur as die voordeur in te stap.

Ons kan derhalwe aanneem dat die Brandwagte, ná dr. Malan se weiering om tot die Volksfront toe

O.B.-HATER AANGEWYS AS KANDIDAAT

Die H.N.P.-leiding het verlede week aangekondig dat hulle mnr. Herman Bekker aangewys het as kandidaat vir die tussenverkiesing in Kimberley-distrik. Mnr. Bekker is bekend as 'n baie venynige O.B.-hater. Die ander aspirant-kandidate wat in aanmerking gekom het, was meer versoeningsgesind, dog dit is die beleid van die H.N.P.-leiding om, met die oog op die uitkopbevel wat hierdie maand van krag word in Kaapland, 'n kandidaat te stel wat 'n sterk houding in sy kiesafdeling teen die Ossewabrandwag sal inneem.

Hulle is bang vir 'n tweede Pietersburg.

te tree en ná die uitkop van Brandwagte uit sy party, ten ene male nie vir die H.N.P. of V.P.-kandidaat gaan stem nie. En ook vir geen ander party se kandidaat nie. Ons is met alleenstaande partye, as bronne van volksverdeeldheid, klaar.

Ons sien eerder die heil van ons volk in groepsverteenvoording, waar boere-belange as sodanig, nywerheidsbelange as sodanig, ens. regstreeks in 'n Volksraad verteenwoordig word. Hierdie ontaarde partystelsel het ons net beland in 'n moeras van armoede, broedertwis en Vrymesselaarsbriewe.

VERLANG U NA

Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en

REUSEKRAG?

JOHAN HEFER

sal

u opbou van 'n swakkeeling tot 'n
stoere man
met

SPIERE SOOS YSTER

SENUWEES VAN STAAL

Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.

JOHAN HEFER


Bus 3494

KAAPSTAD

Stuur my asschiel, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam

Adres



JOHAN HEFER

MARKAGENTS-KAP VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEP.

Telefoon 2-0212.

Pas Verskyn

- VERLOWING EN HUWELIK
deur Ds. D. F. Erasmus 4/9 pv.
- MENSE WAT DRINK
deur A. S. Roux en Prof. dr.
W. A. Willemse 8/- pv.
- DIE HOEK SE NUWE HOOF
deur I. M. Friedenthal 8/- pv.
- MOORD VOLGENS PLAN
deur J. van Elders 4/6 pv.
- DRIE VERMISTE BEENTJIES
deur R. Hendriks 1/2 pv.
- KRONKELPAAIE
deur Paula 1/2 pv.
- MOORD IN DIE PASTORIE
deur Agatha Christie 7/- pv.

PRO ECCLESIA- BOEKHANDEL

Bus 29, STELLENBOSCH

H.N.P. OF V.P. DOEN NET SOOS V.P.

Dr. H. O. Mönnig skryf as volg:
In die laaste twee nommers van
Die O.B. het daar 'n berig verskyn
dat 'n amptenaar wat onlangs, as ge-
volg van die optrede van die Rege-
ring teen die Broederbond, uit die
Staatsdiens getree het, nie by die
H.N.P. kon aansluit nie omdat hy by
die O.B. aangesluit het.

Daar ek die betrokke persoon is en
die berig nie juis is nie en my in 'n
onaangename posisie plaas, sal u my
'n guns bewys as u dit wil korregeer.
Die feit is dat ek by die O.B. aange-
sluit het en dat die H.N.P. my nie
as lid wou aanneem nie; maar hulle
beswaar was nie my lidmaatskap
van die O.B., maar wel my lidmaat-
skap van die „Nuwe Orde”.

Die rede waarom ek by al die ver-
skillende nasionaalvoelende, republi-
keins-gesinde Afrikanergroepe wou
aansluit, is omdat ek nie wil kant
kies in hierdie onnodige onderlinge
stryd nie. Om die rede spyt dit my
dat die H.N.P. my geweier het. Na
my mening is daar 'n behoefte vir
aldrie groepe en vertrou ek dat die
tyd nog sal kom wanneer almal saam
in een rigting sal trek.

(Dit spyt ons insover ons berig nie
'n suiwer weergawe was nie. In
Transvaal is voorasnog geen uit-
skopdatum vasgestel sover dit O.B.-
lede betref nie. In Kaapland mag
O.B.-lede na 1 Mei nie meer lid van
die H.N.P. wees nie. Die weiering
van dr. Mönnig, op grond dat hy aan
'n „vyandige” organisasie behoort,
kom koddig voor juis op die oomblik
wanneer H.N.P.-politici in die par-
lement krokodilrane stort omdat hy
deur die regering verbied is om lid
van 'n „vyandige” organisasie te
wees! — Red.)

Partybewind Sal Homself Met Noodwette Handhaaf Selfs in Vredestyd sê Min. Steyn

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het verlede week in die senaat
erken dat die demokrasie na die oorlog ernstig bedreig sal word deur die
nie-demokratiese beweging en wel tot so'n mate dat die enigste middel om
hulself teen die volkstroom te red, sal wees om in vredestyd ook met
behulp van noodregulasies te regeer.

„Sommige van die organisasies
wat slegs slapend is, moet gewaar-
sku word omdat hulle hul bedrywig-
hede wil oorplant op 'n ander terrein
ten einde die regering na die oorlog
in verleentheid te bring”, het die Mi-
nister gesê. „Ons is ten volle op die
hoogte met hul bedrywighede en
planne. Die regering sal nie om die
bos gelei word nie hoeseer hul planne
ookal bedek gehou word, en sal teen
hulle optree soos hy gedurende die
oorlog teen hulle opgetree het, selfs
al moet hy na die oorlog gebruik
maak van noodregulasies.

„Hoewel die regering graag van
demokratiese middels gebruik sal wil
maak, indien moontlik, sal hy sy toe-
vlug tot ander maatreëls neem as dit
nodig blyk, aangesien dit duidelik is
dat hierdie organisasies daarop uit is
om die demokratiese stelsel te ver-
nietig deur langs 'n ander weg te
bereik wat hulle nie met wapenge-
weld kon verkry nie”.

Salige Vertroue In Wolf as Skaapwagter

By geleentheid van 'n vergadering
van die Verenigde Party-tak in
Groenpunt verlede week is daar ern-
stige besorgdheid uitgespreek oor die
toename van kommunisme in daar-
die omgewing. 'n Bestuurslid het ge-
kla dat daar niks gedoen word om
die kommunisme te bestry nie, met
die gevolg dat dit baie toegeneem
het. Die parlementslid vir die Groen-
puntse kiesafdeling het erken dat
daar baie kommunistiese vergade-
rings aldaar gehou word, maar ge-
troos dat daar 'n waaksame oog ge-
hou word.

Hierdie bedenkinge en troos is
uitgespreek onderwyl dr. Colin
Steyn, ere-president van die kom-
munistiese verenigings in die Unie,
hoog en droog op dieselfde ver-
gadering 'n toespraak gehou het!

Met hierdie soort „waaksamheid”
van Verenigde Party-kant is dit ook
geen wonder dat dit nie net alleen
kleurlinge is wat kommuniste word
nie, maar selfs ontwikkelde Engelse,
soos daeliks in gesprekke met hierdie
mense ondervind kan word. Groen-
punt is 'n oorwegend blanke buurt.

VIR O.B.-DAG

Die manne- en vroue-kommando's
van Parow het op 14 April 'n ge-
slaagde pakkiesand ten huise van
komde. mev. D. Geldenhuys gehou
met die oog op insameling van fondse
vir O.B.-dag. Die opkoms was goed
en £11-7-3 is ingebring. Die geesdrif
was so hoog dat een pakkie opgejaag
is tot £1-6-0.

Party-Diktatuur Se Besigheid

Stroop Land Kaal En Voer Dan In

Daar word op die mees roekelose
wyse met die volk se voedsel ge-
smous deur die huidige partybewind.
Die Minister het onlangs aangekon-
dig dat daar 'n groot tekort aan
blikkiesmelk is — 'n produk wat
veral by die arm mense in aanvraag
is. Om tegemoet te kom, het die re-
gering besluit om 5 miljoen blikkies
gekondenseerde melk vanuit Amerika
in te voer, waarvan die eerste be-
sending reeds aangekom het. Hierdie
melk is soveel duurder as die Suid-
Afrikaanse produk dat die regering,
of liever die volk, £72,000 aan sub-
sidie moet inbetaal.

Gedurende 1944, so het die Britse
departement van voedsel verlede
jaar in Augustus aangekondig, het
die Suid-Afrikaanse regering 28 mil-
joen pond blikkies melk na Eng-
land en die Geallieerde troepe uit-
gevoer. Van ons hele produksie ge-
kondenseerde melk is slegs 7½ per-
sent vir verbruik in die Unie vryge-
stel. Die res is alles uitgevoer — ons
kan aanneem teen ongeveer kosprys.
Nadat die land op hierdie wyse kaal
gestroop is van sy melk, en duisende
gesinne intussen gebrek moes ly aan
hierdie lewensmiddel, voer die rege-
ring 5 miljoen blikkies melk van
Amerika af in teen 'n ekstra koste
van £72,000!

Daar is 'n lang lys van hierdie
soort „besigheid”, maar die volk word
al so gewoon daaraan dat hulle dit
as 'n noodwendigheid soos die win-
ter aanvaar. Onder 'n partybewind
wat die volk uitsluit van die rege-
ring en slegs onkundige en kwaad-
willige politici aan die roer van sake
stel, gebeur sulke dinge.

Suid-Afrika is sat vir die diktatuur
van politieke partye!

Demokratiese Geharwar

Die demokrate en partypolitici het
hulself so vasgewoel binne die hui-
dige regeringstelsel dat dit die een
konferensie op die ander is om regte
en pligte afgebaken te kry. Verlede
week nog het 'n afvaardiging van die
munisipaliteite die Minister van Fi-
nansies ontmoet om helderheid te
kry oor wat elkeen se terrein nou
eintlik is.

Die uitslag was soos gewoonlik:
vraagstuk onopgelos. Die pers het
berig dat die Minister self geen grens-
lyne kon aandui nie. Die geharwar
duur voort.

ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS

'N BEROEP

Die voorsiening van beenmeel is kort.
Alle persone wat toegang tot bene
het, word ernstig versoek om dit
sonder versuim te stuur na

S.A. Hunt, Beenmeel en
Kunsmis Maatskappy,
Warrenton

Ons betaal £7-0-0 per Ton (7/- per
100 lbs.) vry op spoor u stasie of
sylyn. Dit is noodsaaklik dat advies-
briewe gepos moet word as bene
gestuur word. Spoedige betaling is
dus verseker. Leë sakke word VRY
teruggestuur.

ONS VOEDINGSVOORSIENING HANG AF VAN
DIE VOORSIENING VAN BEENMEEL

Diepgaande Veranderings op Ekonomiese Gebied Welvaartsbeleid van O.B.

In onderstaande stuk gee prof. L. J. du Plessis, Leier van die O.B. se Ekonomiese Front, 'n opsomming van die Ossewabrandwag se ekonomiese beleid. Daaruit blyk dat die O.B. sommige diepgaande veranderings wil aanbring wat die partypolitiek nooit sal durf aanpak nie, maar wat volstrekt noodsaaklik is indien ons die rykdomme van Suid-Afrika vir ons eie volk wil verseker.

INLEIDING

Hierdie keer wil ons 'n kort opsomming gee van die manier waarop ons reken dat die stoflike welvaart van die volk van Suid-Afrika in huidige wêreldomstandighede verseker kan word. Om mee te begin gee ons eers net 'n kort algemene opsomming in die verwagting om later die afsonderlike punte meer breedvoerig te verduidelik aan die hand van praktiese vraagstukke van die dag.

Ook in hierdie saak verskil die beleid van die Ossewabrandwag baie skerp van dié van al die partye, wat in wese die bestaande stelsel wil handhaaf en dit net wil „dokter” met die oog op groter bestaansbeveiliging; maar dit verskil ook net so skerp van die kommunistiese beleid, wat alle privaat besit wil ophef en ook alle natuurlike verskille wil uitwis. Ons glo dan ook dat die beleid van die partye moet uitloop op kommunisme, tensy die oplossing van die Ossewabrandwag aanvaar word.

Persone wat van hierdie sake iets afweet, sal egter merk dat daar baie ooreenkomste is tussen wat ons voorstaan, en wat verkondig word deur die Nuwe Orde en soortgelyke groepe, maar tog met die groot verskil dat die Ossewabrandwag alles saamvat in die groot nasionale gedagte van die Volksbeweging. Die partye is kapitalisties of kommunisties, die ander groepe is nasionaal-sosialisties of miskien fascisties, maar ONS probeer om die sosialistiese ontwikkeling van die 20e eeu in ons volkslewe te laat plaasvind binne die verband en onder die leiding van ons Christelik-Nasionale volkslewe.

In hierdie gees gee ons dan nou 'n puntsgewyse opsomming van ons stoflike welvaartsbeleid:

A. ALGEMEEN

(1) Privaat eiendom word gehandhaaf en beskerm so ver dit nodig is vir die persoonlike vryheid, maar word onder staatsbeheer gestel of opgehef in so ver die volkswelvaart dit vereis.

(2) Pryse word gestabiliseer, winste word beperk en lone word op 'n peil gehou wat die werker vergoed volgens sy verdienste en volgens behoefte van hom en sy gesin.

(3) Die welvaartsbronne word in volle produksie gebring volgens volksbehoefte sonder om hulle uit te put, en almal is geregtig en verplig tot arbeid; die verdwynende bronne word gebruik ook om blywendes te skep en te voed.

(4) Spekulasie met die algemene bestaansbronne word stopgesit veral wat betref die landsbodem en die behuising, die voeding, die gesondheid en die bekleding van die volk.

(5) Arbeid in die blanke gebied word allereers gereserveer vir die blanke bevolking en in die gebiede van die gekleurdes vir die gekleurde bevolking, maar volgens behoefte

word gekleurde hulpdiens in die blanke-gebied gereël en blanke leiding in die gekleurde-gebied verseker.

(6) Opleiding tot arbeid word algemeen verskaf en vakopleiding tot voldoende mate vir elke beroep ook aan volwassenes.

(7) Produksie word gereguleer volgens die volksbehoefte in elke produksievertakking, in die eerste plek deur die werkverrigter in daardie produksie-vertakking self, en geld en krediet word verskaf volgens behoeftes met die oog op 'n ewewigtige ontwikkeling van die verskillende bedryfsvertakkinge.

BESONDER:

(1) Die ontwikkeling op die verskillende gebiede van produksie, verbruik en distribusie, word met die nodige omskepping verder gelei volgens algemene en besondere plan-skemas waarby die staatsfinansies en staatsbedrywe ingeskakel word en waardeur werk, verdienste, woning, kos, gesondheidsdiens en klere vir elkeen en in besonder vir werkloos en gedemobiliseerdes verseker word.

(2) Die landbou vir die mark word gereël volgens vermoë van die land en behoefte van die volk met behoud en versterking van die bodem se produksie-krag, en daarby word in medewerking met die georganiseerde boere die landbou aangepas aan die gesteldheid van die verskillende natuurlike landstreke. Plaaseenhede word geleidelik gereorganiseer om volle produksie te verseker en onproduktief-gebruikte gronde, veral maatskappyplose, word onteien. Die kapitalisasie van landbougronde en die pryse van landbouprodukte word met mekaar in ewewig gebring deur 'n omvattende staatstelsel van landboukrediet.

KOM VOLK TOE

(3) Minerale regte, nasionale water- en kragbronne, asook bosse, word genasionaliseer en die eksploitasie daarvan so ver moontlik verpag onder staatstoesig om 'n billike vergoeding daaruit aan die volk te verseker, behoorlike werkstoestande te waarborg en uitputting van noodsaaklike rykdomme te voorkom. Die opbrengs word hoofsaaklik aangewend vir die skepping en versterking van blywende welvaartsbronne. Die gesondheid van werkers word deeglik beskerm en voorsiening word gemaak vir produktiewe arbeid nadat hulle ongeskik geword het vir verdere werk in gevaarlike bedrywe.

(4) Industrieë word ontwikkel vir verwerking van die produkte van land- en mynbou en word versprei oor die land volgens die natuurlike gesteldheid van die verskillende landsdele. Die ontwikkeling van lewensvatbare nywerhede met die nodige vinnige oorskakeling van beskermde oorlogsnwyerhede word van staatsweë ten sterkste bevorder, des-

noods deur middel van openbare korporasies. Pryse, lone en winste word in samewerking met die nyweraars en industrie-arbeiders in billike ewewig gehou en vir gesonde gesinsbehuising en werkstoestande word doeltreffend gesorg met voorsorg teen siekte en ongeskiktheid en sorg vir arbeidsopleiding en onmiddellike oorskakeling van oortollige werkers en gedemobiliseerdes.

GEEN BROKKIES

(5) Die verkeer- en vervoerstelsel word onder 'n staatskorporasie as 'n eenheid volledig ontwikkel om aan te pas by die behoeftes, en sal in besonder ingerig word om die geplande ontwikkeling van landbou, mynbou en nywerheid in die verskillende landsdele te bevorder. Lug-, spoor-, pad- en watervervoer moet oor die hele land as een stelsel vir verkeer en vervoer beplan word en die plaaslike fabrikasie van die nodige verkeer- en vervoermiddels moet ten sterkste aangemoedig word. Hierby moet die skakeling met die res van Afrika so volledig moontlik onderling gereël word.

(6) Die binne- en buitelandse handel moet terdeë gesuiwer word van alle oortollige en ongewenste elemente deur 'n behoorlike stelsel van lisensiering, waarby die bekwaamheid, vermoë, karakter en gedrag van die applikant behoorlik getoets word en die behoefte aan sy bedryf oorweeg word.

BEROEPS- VERTEENWOORDIGING

In- en uitvoer moet so gereël word dat die landsrykdom en die volkswelvaart daardeur verhoog word. Pryse en handelspraktieke word beheer in samewerking met die georganiseerde en gesuiwerde handelsbedryf.

(7) Die geld- en krediet-wese word volledig genasionaliseer en gereguleer om te beantwoord aan die behoeftes van die volkseconomie; maar onder doeltreffende sentrale staatsbeheer word die distribusie van geld en krediet aan die direkte gebruiker daarvan deur bestaande instellinge waargeneem mits hulle volledig onder binnelandse beheer staan, behalwe dat landbou- en nywerheidskrediet deur staatskorporasies verskaf word. Inflasie sowel as deflasie word vermy, en nagestreef word 'n geleidelike uitbreiding van geld en krediet wat tred sal hou met die groei van die bevolking en die produksie en die verbruik.

AESLUITING

So'n beleid kan alleen deurgevoer word deur 'n eenheidstaat wat sy gesag ontleen aan die steun van 'n omvattende volksbeweging met in-skakeling van behoorlike beroeps-verteenvoording vir alle bedrywe.

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat !


ROELOU BARRY (Edms. Bpk.)

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.


Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgeredskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBOURG.



NEEM TOE IN
POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WERELD

Kommando
-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken
die Silwer bekere en verskeie Eerste
Pryse op die jaarlikse Westelike Pro-
vinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

	Per Bottel in 12 Bottel	Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies
WYNSOORTE:		
Spesiaal (Soet)	2/8	11/-
Wit Jeripigo	1/9	8/6
Rooi Jeripigo	1/9	8/6
Malmsey	1/9	8/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hoek	1/7	7/6
Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie	1/6	7/-
BRANDEWYN:		
A 1	8/-	—
Boogoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
Crème de Menthe (Peppermint)	7/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—
„COCKTAIL”	4/-	—
MOSKONFYT	1/6	6/6

(Slegs in
Blikke)

GELIEWE DAAROP TE LET. Klante kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kisse van 12 bottels is. Moskonfyet egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskaf.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakkeplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG MOET BESTELLINGS VERGESEL WAT OP HALTES OF BUSHALTES AFGE-LAAI MOET WORD, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings ver-gesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kisse met bottels. Genoemde bedrae sal vergoed word sodra leë inhouers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag be-taald na Vlakkeplaats-Stasie.

WANNEER LEE INHOUDERS TERUGGE-STUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.

Bestel van

EXCELSIOR WYNMAKERY,

(Eien. John Schoeman)

VLAKEPLAATS-STASIE, K.P.

Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 APRIL 1945.

WATTER REG EN WATTER MAG?

ONMIDDELIK nadat mnr. C. R. Swart die Minister van Justisie verwyrt het dat hy die Ossewabrandwag beskerm, het laasgenoemde onstuimig geword en skuimbekend verkondig hy nou van staanplek tot staanplek hoe hy alle „ondermynende” organisasies deur middel van noodwette aan bande gaan lê. Sy skimpe het duidelik betrekking op die Ossewabrandwag, wie se lede die grootste oppervlakte van die interneringskampe beslaan het — en waaroor die Minister homself so begaan voordoet.

Die houding van dr. Steyn verbaas ons nie — dit is heeltemal verklaarbaar sover dit homself betref. Daar is lankal sprake en tekens dat die Smuts-kombinasie na beëindiging van die oorlog uitmekaar gaan val, en dat 'n nuwe kombinasie van partypolitici gevorm gaan word. Dr. Colin Steyn, met sy vriendskaplike betrekkinge jeens die kommuniste — wat sterk opgang sal maak in geval van 'n Duitse nederlaag — sal te vinde wees vir 'n demokratiese volksfront wat sal bestaan uit alle politici wat hulself teen 'n opkomende nasionale en sosiale volksbeweging sal wil handhaaf. Reeds is 'n soortgelyke oproep van H.N.P.-kant by monde van dr. Karl Bremer in die parlement gedoen. Met sulke vooruitsigte is dit vanselfsprekend dat dr. Colin Steyn ook graag die H.N.P.-politici, met wie hy hoop om binnekort saam te werk, sal wil paai en tevrede stel. Vandaar sy onmiddellike reaksie op die raps wat mnr. Swart hom gegee het oor sy versuim in verband met optrede teen die Ossewabrandwag.

ERKENNING VAN O.B.-KRAG

Wat die dreigement van dr. Steyn betref, dit sal slegs dien tot groter aansporing, want daarin lees ons paniek by die politici vir hierdie lewenskragtige Volksbeweging. Wanneer hulle al moet toegee dat hulle die Ossewabrandwag net met noodmaatreëls sal kan belet om aan bewind te kom op 'n stadium wanneer die Ossewabrandwag hom voorberei om sy teenstanders op hul eie terrein te ontmoet, dan is dit niks anders as 'n erkenning van die krag van die Ossewabrandwag nie, en so'n erkenning sal vir elke Brandwag 'n besieling wees.

Inderdaad is dit 'n openhartige erkenning van die bankrotskap van die demokrasie wanneer politici hul bewind moet handhaaf met noodwette wanneer hul teenstanders op grond van die meerderheidsteun van die volk vir hulle 'n bedreiging word. As die meerderheid van die volk vrywillig die Ossewabrandwag se beleid aanvaar, soos in Duitsland die geval was, watter reg — en watter mag — het 'n demokratiese partybewind om dit met noodwette te probeer voorkom?

Die partypolitici is aan die hardloop — hulle besef hul noodtoestand, vandaar die gegryp na noodwette.

Eie Pers-onderneming

Die noodsaaklikheid om 'n eie pers te besit, hoef nie beklemtoon te word nie. Die aandrang by die O.B.-leiding het sulke afmetings aangeneem, dat besluit is om die nodige stappe te doen.

Elders in ons advertensie-kolomme verskyn 'n verkorte prospektus van 'n persmaatskappy wat as Pers-Beleggingskorporasie Bpk. geregistreer is.

Die doel van Pers-Beleggingskorporasie Bpk. is om beleggings namens sy aandeelhouders te maak in bestaande persoonernemings, drukkerie en boekhandels, nuwes te skep, ander oor te neem en op te rig.

Die onmiddellike doel is om 'n dagblad uit te gee en 'n paar weekblaie in verskeie sentrums te publiseer. Al die nodige voorbereidings ten opsigte van masjinerie en geboue is en word getref.

Pers-Beleggingskorporasie Bpk. is gestig o.a. om stappe te doen en ondernemings te sterk of op te rig in verband met die intellektuele, sedelike en estetiese beïnvloeding en vorming van die volksgees en lewensbeskouing — die dinge waarvoor die Ossewabrandwag hom beywer in die volkslewe; die verryking van kennis, verskaffing van inligting en nuus.

Pers-Beleggingskorporasie Bpk. as 'n omvattende volksonderneming, wil dan vir die volk gesonde lektuur en diens lewer, deur op te tree ter finansiering van bestaande sake met die oog op uitbreiding.

As 'n beleggingsmaatskappy bied hy die geleentheid vir groot en klein beleggers om waarde vir hul geld en wins te verseker deur beleggings oor 'n hele aantal sake-ondernemings sodanig te versprei dat geen aandeelhouer se geld van die voor- of teenspoed van een onderneming alleen vir wins afhanklik is nie.

(Vervolg in volgende kolom)

JOSEF STALIN

(Deur prof. J. A. Wiid)

Daar is vandag beslis geen magtiger regeringshoof as Josef Stalin nie. Sy Rooi Leër voer op die oomblik die hoogste woord in Noord- en Oos-Europa sowel as in Sentraal-Europa en op die Balkan. Die militêre suksesse van sy Westerse bondgenote verbleek in die lig van sy eie groot oorwinnings. Die Amerikaanse staatshoof en die Britse regeringsleier moes lang en vermoeiende reise aflê om met die Sfinks van die Kremlin te onderhandel. Oor sy werklike doelstellings heers daar onsekerheid. Die sluier van geheimsinnigheid oor alles wat in Rusland plaasvind, word selfs nie vir sy bondgenote gelig nie. Waar en hoe gaan die grenslyn tussen die Bolsjewistiese ooste en die Angel-Saksiese weste getrek word? Dit is die groot vraag.

WIE IS STALIN?

Wie is die man wat na alle waarskynlikheid die magposisie van 'n Adolf Hitler in Europa gaan inneem? Wie is die man wat op Asië en Europa vandag die hoogste woord voer en die sogenaamde magsewig van die wêreld kan versteur soos niemand anders dit kon doen nie?

Josef Stalin, maarskalk en voorsitter van die Raad van Volkskommissarisse van die U.S.S.R. (Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke) se regte naam is Josef Vissarionovitch Djughashvili. Hierdie klein mannetjie is 5 voet 5 duim lank en is in 1879 op 'n dorpie naby Tiflis in Georgië gebore. Georgië lê in Asië en Stalin kon dus met reg in 1941 die Japanse buitelandse minister begroet met die woorde: „Ook ek is 'n Asiaat”.

Sy vader was 'n skoenmaker en die jeugdigste Stalin het na 'n seminarium van die Jesuïete gegaan ten einde priester te word. Hy het die priester-gedagte egter spoedig opgegee en reeds op 15-jarige leeftyd het hy aan revolusionêre bewegings deelgeneem en 'n volgeling van Lenin geword. As sodanig het hy 'n reeks roweraanvalle op Tsaaristiese geld-

(Vervolg van vorige kolom)

Pers-Beleggingskorporasie Beperk kom niemand op bloot sentimentele grond sy aandeel aanbied nie. Hy kom as 'n besigheidsonderneming op besigheidgrondslag. Anders as wat vroeër aan moontlike beleggers gesê is deur persmaatskappye dat hul geld as 'n „geskenk beskou moet word met 'n waarskynlikheid om jare later miskien iets terug te kry”, bied Pers-Beleggingskorporasie Bpk. 'n besigheidsonderneming aan.

Soos uit die Akte van Oprigting blyk, sal beleggings nie net in koerante gemaak word nie, maar ook in tydskrifte en uitgewersondernemings wat op sigself betalend is.

Die aandeel, ten einde ook die klein belegger in staat te stel om deel te neem, is vyf-sjieling-aandeel en die maatskappy word opgerig met 'n kapitaal van £125,000, nl. 500,000 gewone aandeel van 5/- elk.

Die wyse waarop die onderneming verwelkom word, blyk uit die talryke aansoeke om aandeel wat ontvang is van persone wat van die besluit tot stigting verneem het.

Alleen die paar oprigters het die saak 'n groot stoot by die wegspring gegee, deur meer as sestienduizend aandeel te neem. Hiermee beveel ons dan van harte die onderneming, Pers-Beleggingskorporasie Bpk., by ons talryke lesers aan.

treine georganiseer as gevolg waarvan hy in 'n Siberiese konsentrasiekamp beland het. Eers die Russiese revolusie van 1917 het hom vrygemaak. As volgeling van Lenin het hy gehelp om Rusland volgens kommunistiese beginsels te organiseer. Met een klas, die proletariaat, en met een party, die kommunistiese party, het hy en sy geesgenote die demokrasie gerepudieer en die totalitêre staat gestig.

STALIN AS MENS

Dit is bekend dat Stalin nog vandag Russies met 'n vreemde aksent praat en dat hy drie maal getroud was. Sy huidige vrou Rosa is die suster van Lazar Kaganovitch, die Joodse onder-voorsitter van die Raad van Volkskommissarisse. Dit is voorts bekend dat hy op enige uur van die dag of van die nag werk, dat hy drie dae in die week in die platelandse huis deurbring waar Lenin gesterf het en dat hy in 'n koeëldigte motor rondreis. Daar is baie verhaale oor sy buffelagtige maniere (as hy kwaad of agterdogtig is) en oor sy ruwe humor (as hy vrolik is); oor sy bekwaamheid om 22 wodka heildronke te drink sonder om sy tong dik of los te maak!

STALIN AS REGERINGSHOOF

Daar word vertel dat Lenin kort voor sy dood die vrees uitgespreek het dat die Bolsjewistiese regeringsmasjien buite beheer geraak het. Volgens die leer van Karl Marx immers, so het Lenin gemeen, moes die staat wegwyn na mate sosialisme groei. Stalin egter het bewys gelewer dat hy as „die beste dissipel van Lenin” sy meester oortref het. Hy het besef dat die dinamiese krag van sosialisme juis in totale staatsbeheer lê — en dat die beheer oor die totalitêre staat alleen moontlik is as die enigste wettige politieke party, d.w.s. die kommunistiese party, beheer word. As algemene sekretaris van die Russiese kommunistiese party het hy reeds voor Lenin se dood daarin geslaag om sy persoonlike aanhangers in belangrike posisies van die party aan te stel. Alle kommuniste wat hom teengegaan het, is deur tronkstraf of verbanning onskadelik gemaak. Die industrialisasie van Rusland deur agtereenvolgende Vyf-jaar-planne is in die hand geneem; die kollektiwisasie van die boere en die likwidasië van die welvarende boere (kulakke) het gevolg. Dit het tot die hongerdood gevoer van ten minste 3,000,000 boere en die „fisiese likwidasië” van nog 1,000,000 kommuniste wat hom teengegaan het.

(Word vervolg)

KURSUS-LAERTREK

vir

Wag- en Boerejeug-
Offisiere

word gehou te

BRANDWAG

P.K. Rhenosterkop

(dist. Beaufort-Wes)

vanaf

21 tot 28 MEI 1945

Alle Offisiere en Brandwagte van Generaalskap A11 en omliggende Generaalskappe word hartlik uitgenooi om die laertrek by te woon. Vir verdere besonderhede tree in verbinding met:

Genl. H. DU TOIT

(adres soos hierbo) of met

H/Wagkomdt. D. DE VOS,

Posbus 46, Beaufort-Wes.

POLITICI WIL VRAAGSTUK IN SWEET-DOEK TOEROL

Besef dat Gronderosie nie Langs Partyskap Gekeer Kan Word

Daar is alle tekens dat die huidige partybewind die vraagstuk van grondverspoeling weer in 'n wolkombers wil toewikkel, sodat dit deur die publiek vergeet kan word. Dit wil voorkom of die uitnodiging van dr. H. H. Bennett verlede jaar na die Unie deur bemiddeling van een of ander persoonlikheid agter die skerms geskied het, en dat die partypolitici aan bewind, na bekendwording van die afgryslieke verskrikings van grondverspoeling as gevolg van die Bennett-besef, so geskrik het vir die vraagstuk wat hulle nie by magte is om langs die partypolitieke twispad op te los nie, dat hulle die vraagstuk nou weer vir die publiek wil wegsteek. Die politici besef dat dit tot 'n kwaai slaanding teen enige partybewind kan ontwikkel.

Hierdie mening is deur Die O.B. van 18 April uitgespreek, en sedertdien het verdere getuigenis opgehoop wat ons vermoede sterk. Die Minister van Landbou het naamlik verlede week in die parlement na aanleiding van 'n vraag gesê dat die huidige metode van propaganda in verband met grondverspoeling gestaak gaan word tot tyd en wyl daar 'n ander metode aangewend word. Die volk ken al hierdie soort van tot tyd en wyl-storie. Na twee jaar kon die partybewind nog nie eens huise lewer wat hulle destyds in die vooruitsig gestel het.

Die Minister het verklaar dat die staking van die rolprent oor verspoeling nie beteken dat propaganda teen die vraagstuk gestaak word nie. Die tipe propaganda sal verander word EN DIE NUWE VOOR-

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Genl. Eerw. M. S. F. Grobler.

Eerste O.B.-offisier wat geïnterneer was. In Mei 1940 na Leeukop se kaffertronk. Later losgelaat hoewel hy geweier het om 'n verklaring te onderteken. In Pretoria voortgegaan met O.B.-werk. Aangestel as eerste Gebiedsgeneraal van Noord-Transvaal, dog onmiddellik daarna deur party-diktatuur aangesê om sy O.B.-lidmaatskap te verbreek. Het regering op hierdie punt uitgedaag op 'n vergadering, waarna die eis so verander is dat hy gewone huisarres aanvaar het. In Nov. 1944 vrygestel, en tans weer gereed vir diens.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie“.

BEREIDINGS KAN 'N TYD DUUR. INTUSSEN SAL DAAR MINDER PROPAGANDA WEES.

Dit is die voorneme om oor te slaan van die huidige soort propaganda, wat die nadruk op die vernielingswerk van verspoeling lê, na 'n nuwe rigting wat die nadruk op opbouende werk lê. (M.a.w. die omvang van die vraagstuk moet vir die volk verberg word. — Red.)

Terselfdertyd erken die Minister dat die vraagstuk van grondverspoeling „waarskynlik die grootste ekonomiese faktor is waarmee ons te doen het“.

Op gerusstellende toon het die Minister ten slotte die hoop uitgespreek dat daar darem eerlang met samewerking van die volk as geheel begin kan word met maatreëls om die vrugbaarheid van die grond te herstel. (Asof 'n party ooit die hele volk agter hom kan kry!)

Nog meer belofes en mooi woordjies van die partypolitici om 'n netelige vraagstuk mee in 'n sweetdoek te rol. Solank hulle maar net verkiesings kan wen, kan ons teelaarde maar na die see spoel!

VERJAARDAGKETING

26 APRIL: Japie du Plessis, Sutherland; Ancy Kotzé, Wolsley; Koos Smit, Malmesbury; Jokum Heyns, Humansdorp; Johannes Pansegrauw, Port Elizabeth; Petronella Scheun, Rietbron; Hans G. Ludig, Paarl; Ludolf Plo, Groot Brakrivier; Johanna Louwrens, Montagu; Rennie de Witt, Carnarvon; Ronald van Huyssteen, Port Elizabeth.

27 APRIL: Clare Erasmus, Dwarsspruit; Gerhardus Pretorius, Makoppa; Magrieta Botes, Merweville; J. J. Laas, Nababeep; Joan Wagner, Kirkwood; Gurgens Petersen, Tlervlei; Ingrid Venter, Tarkastad; Hendrik Rohlandt, Loxton; Elizabeth Laas, Nababeep; Cella van Zyl, Montagu.

28 APRIL: Hester van der Merwe, Boskuil; Gerard Moordyk v. Rooy, Potchefstroom; Patricia Coetzee, Boomsien; Johanna van Dyk, Steenbokfontein; Iva Wagener, Ceres; J. J. de Wet, Stellenbosch; Petrus Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Delene Morland, Franschoek; Wessel Marais, Humansdorp; Gert Bruwer, Douglas; Elsie Malan, Bellville; Pieter Cronjé, Groot Brakrivier; Jacobus Victor, Bakovenfontein; Dorathea Heynes, Observatory.

29 APRIL: Francina du Preez, George; Petronella Reneke, Lambrechtsdrift; Ursula Marais, Bellville.

30 APRIL: Charl du Plessis, Coelenhof; Anna Nieuwoudt, Stellenbosch; Martinus Kilian, Port Elizabeth; Grace Brink, Sutherland; Marius Bester, Port Elizabeth; Elizabeth Nel, Kirkwood; Jacomina Visser, Nababeep; Paula Dittmar, Rustenburg; Theunis du Plessis, Werkmetrus; Hester Nortjé, Koster.

1 MEI: Elsie van Zyl, Bethlehem; Luitha Nel, Soekmekaar; Alwyn Pretorius, Silent Valley; Stefanus Haasbroek, Ganskuil; Johannes Eis, Port Elizabeth; Ockert Bosch, Humansdorp; Louis Louw, Daljosapbat; Schalkie van Heerden, Jones, Riebeeck Kasteel; Lucie Steenkamp, Alheit; Johanna Nagel, Mafeking.

2 MEI: Dalena de Jager, Utrecht; Willem Pretorius, Hoewal; Hermanus du Preez, Silent Valley; Thomas Vermaak, Port Elizabeth; Jacobus Grundling, Kirkwood; Elizabeth Rademeyer, Karredouw; Martina van Rensburg, Loxton; Abraham Schoeman, Commandokraal.

Pers-Beleggingskorporasie Beperk

(Geregistreer kragtens die Wet op Maatskappye, Nr. 46 van 1926, soos gewysig.)

Direkteure: Dr. J. F. J. van Rensburg, mnr. J. A. Smith, dr. F. D. du T. van Zyl, prof. L. J. du Plessis, dr. P. J. Meyer, mnr. R. L. Barry, dr. P. J. Botma, mnr. C. L. de Jager en dr. W. A. Joubert.

Die Prospektus van Pers-Beleggingskorporasie Beperk is geregistreer by die Registrateur van Maatskappye, soos vereis deur Artikel 76 van die Maatskappyywet, 1926.

NOMINALE KAPITAAL £125,000,

verdeel in 500,000 gewone aandele van 5/- elk.

Toestemming is van die Tesourie verkry vir die uitreiking van die volgende aandele

WAARVOOR AANSOEKE NOU INGEWAG WORD:

400,000 gewone aandele van 5/- elk, teen pari.

Die minste getal aandele waarom aansoek gedoen kan word is TWINTIG.

Alle aandele is gelykwaardig en daar is geen spesiale regte aan verbonde nie. Daar bestaan geen oprigters-, bestuurs- of uitgestelde aandele nie.

Die Direkteure is nie verplig om die volle getal of enigen van die aandele waarom aansoek gedoen word toe te ken nie en behou die reg voor om enige aansoek ten dele of in die geheel af te wys sonder opgaaf van redes.

BETALING VAN AANDELE

Aandele is betaalbaar of ten volle by aansoek of in die volgende paaimente: 10% (d.w.s. 6d.) per aandeel by aansoek, 30% (d.w.s. 1/6) per aandeel driemaandeliks na toekenning, totdat die aandeel volopbetaal is.

DOELEINDES VAN DIE MAATSKAPPY

Die Maatskappy is opgerig onder andere om sake te doen in verband met die intellektuele, sedelike en estetiese beïnvloeding en vorming van die menslike gees en beskouings, die verryking van die menslike kennis en die verskaffing van inligting, nuus en ander wetenskaplike, en alles wat in verband daarmee staan; om korporasies, maatskappye, inrigtings, verenigings of sake vir hierdie doel op te rig, te laat oprig, voort te sit, of om enige bestaande handels- of nywerheidsonderneming of skema in hierdie verband te steun, oor te neem, of uit te voer, en om op te tree as finansiers, oprigters van maatskappye, veral in verband met die pers-, drukkers- en uitgewerswese, soos uiteengesit in die Akte van Oprigting.

Oprigters: Die volgende persone het die Akte van Oprigting onderteken en vir die aantal aandele teenoor hul name vermeld, onderskeidelik ingeskryf:

J. F. J. van Rensburg,	Pretoria,	2000 aandele.
J. A. Smith,	Kaapstad	1400 "
F. D. du T. van Zyl,	Kaapstad	2000 "
C. L. de Jager,	Bloemfontein	2000 "
L. J. du Plessis,	Potchefstroom	200 "
E. Wium,	Stellenbosch	2000 "
R. L. Barry,	Robertson	2000 "
A. H. G. Voigt,	Paarl	1600 "
J. J. Schoeman,	Oudtshoorn	1000 "
A. J. du Toit,	Paarl	1000 "
P. J. Meyer,	Johannesburg	600 "
H. K. Lombard,	Bedford,	200 "
J. J. Piek,	Kaapstad	200 "
J. de Vos,	Kaapstad	100 "
P. J. Botma,	Johannesburg	400 "

Totaal deur oprigters opgeneem 16,700 "

Ouditeure: Theron, Van der Poel en Kie., Sanlamgebou, Kaapstad.

Bankiers: Volkskas Beperk.

Sekretaris: Voorslag (Edms.) Bpk.

Geregistreerde kantoor: Groote Kerkgebou 701-2, Kerkplein, Kaapstad.

Skryf om 'n Prospektus en aansoekvorms aan

DIE SEKRETARIS,

PERS-BELEGGINGSKORPORASIE BEPERK,

POSBUS 1411,

KAAPSTAD.

Navrae kan ook by alle Gebiedskantore van die Ossewabrandwag gedoen word.

PARTY-DIKTATUUR

Die groot slagspreuk van die ware demokrasie was: Geen belasting sonder verteenwoordiging nie.

Onder die partystelsel het hierdie beginsel verlore geraak. Vandag word boere-, werkers- en beroepsgemeenskappe deur 'n partybewind regeer sonder dat hulle regstreeks seggenskap in daardie bewind het. Hulle staan onder die diktatuur van partypolitici. In sommige kiesafdelings word wolboere verteenwoordig deur 'n tandarts, wynboere deur 'n keelspesialis, koringboere deur 'n advokaat en spoorwegmanne deur 'n beroepspolitikus. Dit is 'n onding. Hierdie gemeenskappe moet oor hul eie sake kan beslis en moet derhalwe regstreekse verteenwoordiging hê in die regering. Dit noem ons beroepsverteenvoording en daarvoor veg die Ossewabrandwag.

DIE REGTE BOEK

OP

DIE REGTE TYD

Ons verligte eeu word nie net gekenmerk deur oorloë nie, maar ook groot euwels en siektes.

Kranksinniges se getalle styg, selfmoorde vermeerder, moorde neem toe, misdaad, onsedelikheid en DRANKMISBRUIK neem onrusbarende afmetings aan.

Dit bedreig ons beskawing en die hele mensdom met ondergang. Hier 'n tydigte waarskuwing!

LEES

MENSE WAT DRINK

deur A. S. ROUX, M.A. en Prof. Dr. W. A. WILLEMSE.

PRYS 7/6.

Oorsake en gevolge word ontrafel, senuweespanninge, gejaagdheid en verleidinge word geskets, invloede op kinders en jongmense, geestelik ontevrede of onryp, word aangetoon, sprekende voorbeelde van ongebalanseerde mense wat in moeilikheid troos soek by die bottel — armoede, ongelukke, onsedelikheid, misdaad, werkverlies, ellende — selfvernietiging.

MENSE WAT DRINK is 'n boek van onskatbare belang, omdat dit geskryf is met 'n moedigheid, 'n begrip wat seldsaam is, omdat dit 'n boodskap bring wat opheffend en suiwer is: dat drankmisbruik genees kan word.

MENSE WAT DRINK

deur A. S. ROUX, M.A. en Prof. Dr. W. A. WILLEMSE.

Hierdie boek is 'n uitgawe van die LEWENSKUNS-BIBLIOTHEEK. Lees ook die ander:

MISLUKTE LEWENS, deur Prof. Dr. W. A. Willemse en Rita Graf van Ewyk 7/6

LEER OM TE LEWE, deur Die Helpende Hand 7/6

AS DIE SENUWEES PLA, deur Die Helpende Hand 8/6

BESTEL VAN:

AFRIKAANSE PERS-
BOEKHANDEL

LOVEDAYSTRAAT 75

Foon 33-8669

JOHANNESBURG

Posbus 845

Partypolitiek Beroof Boere
van Breinkragte

Navorsers Uit Staatsdiens Geskop

Nadat die navorsingsinstituut van Onderstepoort reeds die voortreflike krag van dr. H. O. Mönig, 'n wetenskaplike van wêreldfaam, verloor het, is ook nou prof. A. I. Malan uit die diens ontslaan omdat hy geweier het om as lid van die Broederbond te bedank. 'n Tyd gelede is hy deur die magistraat van Pretoria skuldig bevind, maar hy het teen die uitspraak appèl aangeteken. Sy appèl het misluk.

Prof. Malan was hoof van die afdeling biochemie en voeding op Onderstepoort en het hierdie afdeling ontwikkel tot die grootste aan die instituut. 'n Groot personeel het hulle besig gehou met die ondersoek na veevoeding en meer as honderd wetenskaplike artikels het daarvoor verskyn. Weens hierdie navorsing op die gebied van die Suid-Afrikaanse weiding, kon vasgestel word watter stowwe in verskillende streke ontbreek en in hoever dit met bekende veesiektes in verband staan. Prof. Malan was mede-verantwoordelik vir werk oor die tekort aan fosfate in ons landsbodem wat wêreldbekendheid verworf het. As gevolg van hierdie navorsing kon siektes soos lamsiekte in ons land die hoof gebied word.

DIE OORSAAK

Hierdie waardevolle amptenare is nou van hul werk weggeruk deur 'n partybewind wat hulle uitskop omdat hulle van hom op politieke gebied verskil, want die partypolitiek beskou enige andersdenkende persoon as 'n vyand, ongeag hoe waardevol hy vir die land mag wees. Net party-aanbidders is gewenste burgers; alle ander volksgenote is uitgeworpenes. Partybelang gaan voor volksbelang. Die volk verlang 'n einde aan hierdie partydiktatuur. Daar moet samewerking kom deurdat ons politiek geruk word uit die enghartige weg van die partyskap wat gebaseer is op stryd en onderlinge uit-

wissing. Beroepsverteenvoording is die uitweg.

Die georganiseerde boere is diep ontevrede oor hierdie verkwisting van breinkrag wat hulle bestaan nadelig tref. Uit alle dele word proteste gestuur teen die ontslag van hierdie manne. Dit baat eoter niks solank ons nog met die partypolitiek ook wil boer nie. Die twee dinge, volkswelvaart en partypolitiek, is onversoenbare sake. Dit is tyd dat die boere aandrang op regstreekse verteenwoordiging in die landsbewind.

NEGENTIEN VIR
MISDAAD VAN
SES GESTRAF

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het verlede week in die Senaat gesê dat alle geïnterneerde losgelaat word in volgorde van die erns van die aanklagte teen hulle. Almal sal losgelaat word behalwe diegene wat in verband met die Mentz-aanranding geïnterneer is.

Soos onthou sal word, het die Verenigde Partybewind indertyd 26 manne in hegtenis geneem in verband met die aanranding. Een van hulle is voor 'n hof gedaag, sewe is losgelaat en die res is geïnterneer. Dit is duidelik dat die regering niks teen hulle kan bewys nie, nogtans word hulle sonder verhoor op die magswoord van die minister 'n onbepaalde vonnis opgelê — en, volgens getuienis van mnr. Mentz self, het slegs ses persone aan die aanranding deelgeneem. Minstens dertien van die agtien geïnterneer sit dus onskuldig daar! Dit is selfs moontlik dat al agtien onskuldig is.

Ons is terug in die barbaardom waar 'n hele gemeenskap gestraf word vir die misdaad van een van sy lede!

SUID-AFRIKA STAAN ONDER
DIE DIKTATUUR VAN PARTY-
POLITICI!

DEEGLIKHEID LANK
AGTERSTALLIG

Minister oor Markte

'n Deeglike reorganisasie van die huidige stelsel van bemaking en distribusie in die Unie, wat reeds agterstallig is, behoort tans ernstig aangepak te word, het die Minister van Landbou verlede week voor die kongres van markmeesters in Kaapstad verklaar. As oplossing vir hierdie „agterstallige” vraagstuk het die minister aangekondig dat hy die munisipaliteite reeds sekere magte kragtens die noodregulasies toegestaan het, en dat hy nie aarsel om hierdie magte uit te brei nie.

Wat 'n troostelose vooruitsig wanneer groter mag aan munisipaliteite as oplossing aangebied word, terwyl 'n ander minister, naamlik mnr. Harry Lawrence, dieselfde tyd dreig om die munisipaliteite se mag van hulle af te vat omdat hulle nie hul verpligtinge ten opsigte van behuising nakom nie!

So lyk dit as leke-partypolitici aan die stuur van sake staan. Suid-Afrika kort 'n grondige hersiening van sy staatsstelsel!

Mielies Word
Ingevoer —
Baie Verlore

Die Minister van Landbou het in die Senaat verklaar dat die mielies beter skyn te wees as wat aanvanklik gehoop is. Nogtans sal voortgegaan word met die pogings om mielies in te voer. Daar is nie gesê hoeveel mielies ingevoer moet word nie, maar dit sal seker nie meer wees nie as wat in die afgelope twee jaar op die platteland gelê en vrot het weens gebrek aan vervoer-geleenthede — onderwyl die regering met koersagtige ywer elke trok gebruik het om 'n rekord-hoeveelheid steenkool na die buiteland te verskeep, en selfs koninklike ruimte afgestaan het vir die vervoer van windhonde na Johannesburg se reisesbane. Dit is bekend dat daar in die afgelope twee jaar nagenoeg 2,000,000 sakke mielies op stasies in die platteland verwaarloos geraak het. Nou word kosbare skeepsruimte vermors om daarvoor te vergoed.

STEMME OOR EINDE VAN OORLOG -- SWITSER VERWYS NA BOERE

Na mate Duitsland steeds harder vasgedruk word tussen die westerse en oosterse blokke, word al meer stemme gehoor omtrent die einde van die oorlog. Die Pouslike blad het 'n beroep op die Duitse leiers gedoen om in die naam van menslikheid die stryd gewonne te gee. By hierdie oproep sluit Die Burger hom aan. Die blad meen dat Hitler graag soos 'n held wil ondergaan sodat hy kan voortleef as 'n legendariese figuur in die geslagte wat kom. Maar die prys hiervoor is die vernietiging van Duitsland, „miljoene lewens, nie slegs van soldate nie, maar van weerlose vroue en kinders en bejaardes“. „Dit is 'n tragedie“, verklaar die blad, „wat alleen in 'n gesagstaal moontlik is“.

Die Burger verloor uit die oog dat sy eie volk in Transvaal en Vrystaat dieselfde pad as Hitler gevolg het. Hulle het ook die stryd voortgesit vir twee jaar nadat die Britse lord Roberts die oorlog as beëindig verklaar het. Duisende vroue en kinders het wel die lewe ingeskiet, maar die wins — sowel by die vrede as daarna — sal sekerlik deur geen nasionale Afrikaner betwyfel word nie.

KAN NIE ANDERS

Die Vaderland benader die saak weer vanuit die Duitse oopspunt. Hy sien geen eersugtige doel by Hitler nie, maar stel die vraag: „Kan hulle (die Duitse volk) uitdaging voorkom deur oorgawe?“ Die blad wys dan daarop dat die alternatief vir vrede wat in ander oorloë gegeld het, hulle ontnem is deur die eis van onvoorwaardelike oorgawe en die beloftes om Duitsland vir goed uit te skakel. Oorgawe beteken vir hulle „honger, slawerny onder Russiese meesters, en origens uitdelling onder Pole, Holland, Frankryk, Tsjeggo-Slowakye“, en „met lyf en gees blootgestel aan die willekeurige wraaksug van individualiste onder hulle vyande“.

„Hul weerstand mag sinneloos wees, maar ewe sinneloos die gedrag van die ander westerse moondhede wat, siende waar dit heengaan, selfs in die uur van hul oorwinning nie groot genoeg kan wees om te red wat daar van die Europese beskawing te red is nie“.

BOERE AS VOORBEELD

Intussen vermeld die Engelse pers dat die Geallieerdes 'n dag sal aankondig waarop die oorlog as beëin-

dig beskou sal word. Alle Duitsers wat dan nog weerstand bied, sal voelvry verklaar en op sig doodgeskiet word. Hierteenoor egter verklaar 'n Switserse regsgeleerde dat geen Geallieerde dekreet die Duitse opperbevel van regsgrond kan ontnem nie. Hy verwys na die voorbeeld van die Boere wat die stryd voortgesit het twee jaar nadat dit deur die Engelse lord as beëindig verklaar is.

DWALENDE L.V. BREEK HEK VAN STEMHOK

Die gewoonte van parlamentslede om tydens bespreking van landsake rond te loop, biljart of „patience“ te speel en hulself te vermaak met geselskappies in die veelvoudige ontspanningsplekke van die „Huis“, het gemaak dat 'n „agbare lid“ verlede week die kraalhek van die „Huis“ stukkend gebreek het in 'n poging om te kan stem.

Sodra die praatjiesmakery verby is, word 'n klok 'n paar minute lank gelui om aan te kondig dat die stemme van die partye nou hul taak moet kom verrig. Die betrokke lid het blykbaar 'n bietjie ver van sy sitplek af rondgedwaal, en hoewel hy rieme neergelê het na die stemhok toe, kon hy dit nie maak nie. Die hek, wat uit twee koperstawe bestaan, was halfpad toe, en toe die stemmer 'n laaste kraginspanning aanwend om deur te bars, is hy vasgeknyp tussen die twee stawe. Met die gebeur om weer uit te breek in die troeirat, het hy die een staaf so beskadig dat dit afgehaal moes word vir herstelling.

Die Burger meld dat dit 'n heeltemal onbeduidende saking was waarvoor gestem moes word en „waarvoor niemand sy bene juis sou breek nie“. Maar hoe kan die blad verwag dat „agbare lede“ wat buite rondslinger moet weet waarvoor daar gestem word? Al wat hulle hoor is die klok en al waarvoor hulle moet stem is hul party. Wat maak dit dan saak of hulle weet waarvoor en wat daar besluit word?

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS.

GEE U GELD VIR VYANDE?

Lees hier:

Besighede word ryk van u geld.

Andere neem u geld vir aandeel.

● Adverteer hulle in u blad, Die O.B., of help u hulle om uself te vernietig? U winkelier, u assuransiemaatskappy, die maatskappye waarvan u aandeelhouer is, ens.?

●● Adverteer die toneelgeselskappe alleen in u teenstanders se blaai, of ook in Die O.B.?

●●● Dink daaraan: Is dit nie u plig om hulle aan te spreek as hulle net u geld vat en dit nie ook in Die O.B. spandeer nie?

●● Vra u ooit winkels, en veral die spoorwegwinkels waaroor u as belastingbetaler sê het, waarom hulle weier om Die O.B. te verkoop?

● Sal u ooit u volksideaal bereik as u nie ook u enigste mondstuk help nie?

Die O.B., die Afrikaanse blad met die grootste sirkulasie, is die beste advertensie-medium. Vra die gereelde adverteerders.

Ondersteun die adverteerders van Die O.B. en noem die O.B. wanneer u van hulle koop of bestel.

WAT IS WAAR?

Dieselfde week waarin die Britse regering syfers in verband met die gevolge van die Duitse V-wapens verstrek het met beklemtoning dat die uitwerking daarvan glad nie indrukwekkend is nie, berig Reuter dat veldm. Smuts na besigtiging van die uitwerking van hierdie wapens so diep onder die indruk van hul vernietigingswerk gekom het, dat hy 'n vaste voorneme het dat daar nooit weer 'n oorlog mag uitbreek nie.

GESELLIGE BYEENKOMS

Kom geniet heerlike Pannekoek, Koffie en ander verversings in
DIE KOMITEE-KAMER
Grootte Kerk-gebou,
om 7.30 n.m.

WOENDAGAAND, 25 deser.

Fondse ten behoeve van
die S.A. Noodhulppliga.

BEGRAFNISVERENIGING



'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.
Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
**DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN
BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS
BEPERK.**
(Geregistreer onder die Versekeringwet)
82 Beckettgebou, Presidentstraat 67,
h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.



„Dit vertolk
netheid en
beskeidenheid“

Die „Progress“ agt-stuk eetkamerstel het betekenis vir die verstandige huisvrou. By die smaakvolle vertoning, sien sy dienlikheid en ruimte. Die 5-voet tafel het mooi afgeronde kante wat harmoniseer met die half-ronde rugge van die stoele. Hierdie ontwerp maak die stoele gemaklik sowel as aantreklik — en daar is ses, nie net vier soos afgebeeld nie. Die sitplekke kan in blou, groen, bruin of winkleur opgestop word.

Maar kyk 'n bietjie na die buffet. Let op die voorkant van die twee laaie — die blad net bokant die vertoonkassie met skuif-glasdeurtjies. Pakplek is ook gladnie vergeet nie. Die 5-voet lengte is dienlik ingedeel. In die kassies weerskante van die laaie kan baie breekgoed ens. agter slot gehou word.

Of skryf om 'n kostelose go-illustreerde katalogus, pryslys en nadere besonderhede aan Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, Johannesburg. Dit maak nie saak waar u woon nie, ons posbestellingsdiens is tot u beskikking.

EEUFESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPENNING
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

UNIEWINKELS
DAMES EN SEUNS
UITRUSTERS EN SNYERS
IKOOPERATIEF BEPERK
Geregistreer onder Wet No. 23 van 1939
Kerkstraat 275
TAKKE:
Johannesburg
Vereniging
Benoni
Kaapstad.

Excelsior Meubels, Bpk.

De Villiersstraat 15, Johannesburg;
Meyerstraat 183, Germiston; h/v.
Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria;
Crossstraat 42, Kroonstad; Maitland-
straat 69 en S. Andrewstraat 123,
Bloemfontein; Kerkstraat 108, Potchef-
stroom; Pleinsraat 47-49 (Phillips),
Kaapstad.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBORTE

VORSTER. — Aan mnr. en mev. B. J. Vorster (geb. Tini Malan), van Brakpan, 'n dogter op 17 April.

DE WET. — Aan Elsa (Nel) en Johannes, Nelspruit, 'n iris Boeredogter op 8/4/45. Naas die Skepper ons dank aan Oupa, Ouma en Dokter. Lank lewe Hans van Rensburg.

VAN DEVENTER. — Aan mnr. en mev. S. P. van Deventer, Bethlehem, vroeër van Bloemfontein, 'n iris O.B.-dogter. Naas die Allerhoogste dank aan dokter en suster.

SMIT. — Frans Smit en Bettie, Marico-draai, het 31 Maart Oupa en Ouma geword van 'n O.B.-seun. Marietjie Tannie.

VERLOWING

KURSUS in Huishoudkunde:—Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Kiere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

IN MEMORIAM

VORSTER. — Ons dink vananaam met tere herte terug aan die 16de April 1944 te Vryburg, toe ons vir altyd moes afskeid neem van ons lewende Vader en Oupa Lambertus Johannes.

On vader, ons sien nog jou glimlag, in verbeelding hoor ons jou stem, ons mis jou daaglik in die samelewing. Maar ons is tevrede dis die wil van ons lewende Heer. Jou werk was gedaan, rus nou in vrede. — Die bedroefde kinders: Genl. Ben en Anna Vorster. Klein-kinders Sannie, Anna, Boet, Dirkie en Bennie.

GROETE

Aan Danie Erasmus en Kamerade barthlike groete. Alles wel. Na een jaar is ons nog sterk, en wens julle veiligheid toe. — MAGRIET en Kinders, Biddulphsberg.

PERSOONLIK

ANNETTE-ATELLEE (Edms.) Bpk. Foto-grafiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikate pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbandkass-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.

BOEKIERSTELWERK. — Familie-Bybels, gesang-, erfstuk- en enige ander boeke wat stukkie is, sal ons vir u nuut maak. — Vertaal-buro, Stellenbosch, Posbus 180, Stellenbosch. Foon 438.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluim-vee en lewende hawe aan: H. Basson, Mark-agentskap, Breestraat 100, Newton.

ONMOONTLIK? Waarsynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal, afgelees van hoe ernstig dit is en of dit tot hertoe as opgeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrekk volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.

PREMIER EIENDOMS AGENTSAP EN AFSLAERS

Vennote J. DE WAAL HENNIG en P. H. OLIVIER.

611-612 Grootte Kerk-Gebou — Kaapstad. Ons onderneem die verkoop van Vaste Eiendom, Los Goedere en Lewende Hawe per private onderhandelinge of per openbare veiling. Ons vorder huurpaise en behartig algemene belange op aanvraag. Raadpleeg ons eerste.

LEESSTOF

PUBLICITE bring u die openbarings van die worstelende gees van ons tyd. Leeslaerreeks: politieke, ekonomiese en maatskaplike brosjures. Die moderne uitgewers Publicite, Posbus 4892, Johannesburg.

WESTMINSTER - HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier, vir snelle, higiëniese en puik behandeling. Tabak, sigarette en toiletbenodigdhede in voorraad. — Kerkstraat 6. Foon 2-4331.

BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

BETREKKING GEVRA

GEKVALIFISEERDE Boekhouer met onder-vinding, en in besit van die Handels B.A.-graad met Rekeningswetenskap en Ekonomie as Hooftvakke, vra om 'n betrekking. — Skryf aan: Mnr. H. L. N. JOUBERT, Durbanville Laan 88, Bellville.

BETREKING VAKANT

DAME van middeljarige leeftyd as hulp met huishouding en geselskap vir bejaarde dame. Bediendes in diens. Drie maande vakansie per jaar met volle salaris. Begin 1 Junie. Salaris £5 per maand met vrye inwoning. Rig aansoek met volle besonderhede en getuigskrifte aan: No. 24, Posbus 248, Paarl.

Uitgee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Grootte Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

BEKENDMAKING

GRAAG wil ons aan die Dames van Brooklyn, Rugby, Milnerton en omgewing bekend maak dat ons weer besit van DAG-BREEK DAMES-HAREVERSORGINGSALON, HOOFWEG, BROOKLYN, sal neem vanaf die 26ste Maart, 1945, en dat ons die versekering gee vir alleenlik perfekte diens. Ons het vroeër voordat ons DAGBREEK verkoop het die vertroue van al ons kliente gehad, en ons twyfel nie dat ons dit weer sal kry nie. Die werk en diens sal deur Mev. A. C. OLIVIER en haar behoorlik daartoe gekwalifiseerde assistent gelewer word met blywende tevredenheid. — P. H. OLIVIER, Skepper van Dagbreek.

PLAAS TE KOOP

EERSTELAS BEESPLAAS, sal 500 dra. Dist. Elliot, 1430 morg. Droogte onbekend, oorvloed water, baie lande, groot geboue, 60 morg plantasie. 45.000 tree omheining, 44000 verbeterings. Om gou te verkoop. £4-10-0 per morg. — BEKKER, Voortrekkergebou 504, Johannesburg.

KOMGHA. — 590 morg, 11 myl van Komgaha, onverbeteld, £4500. 700 morg, 13 myl van Komgaha, volop water voorsien deur Kubuzi en Zimbane riviere, 40 morg besproefbaar, £4250. — Besonderhede van: POSTMA en POSTMA, Posbus 729, Oos-Londen.

PLAAS van 406 morg. Goede woonhuis, en baie buitegeboue, 9 kampe, 2 vrugteboorde, volop water, 3 myl van Koolbakkhalte. — Vir verdere besonderhede doen aansoek by: R. S. MARITZ, P/S Koolbank, Ermelo.

TE KOOP

AANDAG BRANDWAGTE. Die O.B. Soutwerke bied aan: A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. Adres: Venter en Du Plooy, P/sak Arbeidsloos, Bloemfontein.

BULLE. — Twee graad Jersey-Bulle. In-spekies-sertifikaat voorsien. Ouderdomme 20 maande en 30 maande. Pryse £12-10-0 en £15 respektiewelik. — F. H. ROBERTSON, Kleinfontein, Pos Sinksabrug, George.

DROOGGOOND-STOKKIES, ½ tot 1 dm. dik op dun punt. 5 vt. lank, ongebas. Swartwattel of bloekom. K.M.B. £2-5-0 per 1000. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

DRIE Ryperd-merries, geregistreer in Ryperdelers-Vereeniging-stamboek, twee met vul, alreeds gedek deur geregistreerde 5-gang hings, mak in ploeg en wa, sowat 4 jaar oud, teen £20 stuk. Ook een vol geregistreerde Ryperd-hingse, mak op stal, ongeleerd onder saal, mak in ploeg en wa. Geteel uit Vlam (5-gang) uit Skroomniet (4-gang). Baie lewendig en is goeie loper agter man, teen £40. By: HAARHOFF, Uitkomst, Graaff-Reinet.

EERSTELAS UIESAAD. Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-; Spaanse Bruin, 6/-; Kaapse Strooi, 6/-; Alles per pd. Gert van Rooyen, Bus 41, Unifondate.

GREENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beetsaad 10/-; Australiese Bruin Uiesaad 6/-; Almal per pd. 2/- duurder op halfpound. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. — Premier Saadwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HEERLIKE vars gesonde Tafelaartappels teen 30/- per sak van 153 pond. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Algehele tevredenheid gewaarborg. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.

LISTER-ENJIN. — 9 perdekrag, gebruik krapparaaffien. In goeie werkende toestand. Prys £25. Vry gelewer op my stasie. Skryf aan: J. I. v. d. BERG, Ons Boere-Meul, Koffiefontein.

MOTOR. — Hudson 8-silinder, Country Club, kleur donkerrooi. Het tans 35,470 myl geding. Twee bande nuut, twee goed versool. Twee spaarbande nie so goed. 'n Baie mooi en lekker motor. Redde vir verkoop: wil vragmotor koop. Kontroleur-prys £427. Gee dit weg vir £310. — W. F. VAN STRAATEN, Sympresdal, Burgersdorp.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MELK-KORTHORINGBUL, skimmel, 6 jaar, nie geregistreer, maar goedgekeur. Baie mooi dier, vet. Kom by verse. Prys £30. — Mev. A. C. JOYCE, Bethal.

MAAK u bye-boerdery lonend deur wotenskapijk-geboude korwe te gebruik. Beskut teen weer en wind met sement-asbesbedekking. Volledige stel £4-10-0. Spesiale afslag vir 5 of meer. Alle toebehore sels verkrygbaar op aanvraag. Bestel van: F. J. du Plooy, Posbus 9079, Johannesburg.

ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geïsoleer en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 50% afslag op spoortrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Knap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

PRAGTIGE Afrikanerbul, 3 jaar (geregistreer). Prys £25, gelewer Indwe. Geteel deur Oosthuysen, Maclear. Skryf aan: DE CONING, Indwe.

STORMJAER-SAKKE: Goedkoop dog sterk-gemaakte sakke vir inkopie-doeleindes. 10 persent van inkomste gaan vir N.H. Fonds. 2/6 elk, posvry. — S. J. NIEMAND, Hoopstraat, Oudtshoorn.

TE KOOP

PATATS. — 15/- per sak. V.O.S. Weenen. Kontant moet bestelling vergesel. — H. J. HEINE, Weenen.

PERCHERON-PERDE. — Aangesien ons 'n trekker gekoop het, bied ons die volgende aan: Twee swaar Percheron-tipe merries (¾), gedek deur uitstaande ingevoerde Percheron-hings; teen £120 die paar. Een (¾) Percheron-merrie, mak in heup, maar teel en trek goed in ligte werk, teen £20. Bogenoemde drie merries is mak, in ploeg en wa. Een Percheron-hing uit Grootfontein, groot en swaar. Mak in ploeg, wa en snymasjien, teen £80. Genoemde vier perde sowat ses jaar oud. Een ¾ Percheron-merrie, 3½ jaar, half geleerd in wa en mak, gedek deur Percheron-hings, groot swaar tipe, teen £40. Bogenoemde perde het so pas die ploeyer beëindig. Een ongeleerde ¾ Percheron-merrie, teen £30. By: HAARHOFF, Uitkomst, Graaff-Reinet.

SWARTWATTEL geharde droppers, 5 voet lank, 1 dm. tot 2½ dm. dik op dun punt. £4 per 1000. Vir enigiets in hout vra om kwotasies. K.M.B. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

22 VARKIES. — Groot swart, groot wit, 2 maande oud, £2 stuk of £42 die lot. Beertjies gesny. Aflewering vanaf 30 April. Tevredenheid gewaarborg. 3 Varkie dieselfde kruising, 4 maande gewig 50 lbs., £3 stuk, of £8 die drie. Kontant met bestelling. Dadelik gelewer, Dewildt-stasie. Hooke terug. Ook opreggete Groot Swart Varkies, kan geregistreer word. Skryf om besonderhede aan: D. G. CILLIE, Jnr., Bus 2, Dewildt, Tvl.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septeiese tenks, pilare, vloerteëls, voertreke. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 238, Pretoria.

20.000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorp, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen £6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal geboreel van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van: H. R. Malan, Weltevrede Palmvee-plaas, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6293.

WYNE

5 GELLING Muskadel-keur £2-12-6; Anker £3-17-8. 5 Gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 Gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 Gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. O. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

TE KOOP GEVRA

VARKE, teen beste heersende pryse. Tree in verbinding met D. F. du Plessis, Alexanderstraat 26, Paarl. Foon 11.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is: C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Beperk MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

SPRINGBOK MEUBELS

Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS

ONS bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

Victoriaweg 171
WOODSTOCK.

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.

HERHOLDT

SE BOOMKWEKERIE
Posbus 660
JOHANNESBURG

ROSE is skaars, maar „HERHOLDT” se keurige versamelings bestaande uit wêreldberoemde soorte in pragvolle kleurskakerings, verwesenlik die drome van u verwagtings.

Vrugtebome en Wingerdstokke wat groei, dra en tevrede stel. Bestel nou en voorkom teleurstelling.

Pryslyste vry op aanvraag.

VOLGENS RUSSIESE STANDAARDE

'n Amptelike blad van die Russiese Kolos het verlede week 'n berig geplaas waarin beweer word dat die Switserse regering toegelaat het dat Russiese soldate in Switserland gemartel en mishandel word. Hulle sou selfs in selle geplaas gewees het wat toegerus is met spesiale instrumente vir marteling!

Wanneer 'n land wat die Internasionale Rooikruis nie eens op sy gebied wil toelaat nie, sulke aantygings maak teen 'n onsydige land wat die bakermat is van die Rooikruis-beweging, watter aantygings moet nie uit sy mond teen die Duitsers verwag word nie! En hoe moet dit nie agter sy eie deur lyk nie!

HOLLANDSE KERKE NIE DEMOKRATIES

Met tradisionele onverantwoordelike probeer partypolitici telkens as bewys dat die O.B. op verkeerde pad is, aanvoer dat die kerk dan so demokraties sal wees — net soos hulle ook verkeerdlik beweer dat die Transvaalse Republiek partypolitiek beoefen het, terwyl die Republiek partypolyming met wetgewing verbied het. Prof. L. J. du Plessis skryf in die verband:

Dit is die grootste onsin om te sê dat ons Hollandse kerke demokraties is. Demokrasie beteken, soos ons dit ken, dat partye vry gevorm kan word en dat die bonte massa alles met sy stem beslis.

So is dit nie in ons kerke nie.

Een van die groot sondes, volgens ons Nagmaalsformulier, is die bewerking van sektes en miterie, dit is party-stigting. En al ons kerke laat alleen tot die stem toe dié manlike lede wat deeglik deur die kerkraad gekeur en goedgekeur is. Verder het hulle nie 'n vrye stem nie. Maar hulle kies hulle eerste kerkraad onder leiding van 'n naburige kerkraad, en daarna dra die kerkraad onder leiding van sy predikant die gesag, en as die kerkraad nie verder alle stemming self uitoefen nie, dan gee hy hoogstens aan die gemeente die reg om te kies uit 'n goedgekeurde tweetal of groslys. So wil ons dit ook graag in ons republiek hê as hy eenmaal gestig is, want dit is ondemokraties en gesond.

Tiervlei (A267) het op 23 Febr. 'n geslaagde funksie gehou ten behoeve van die Noodhulpfonds. Die opbrengs was £29-10-0.

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Graafsteenmakers, Begraafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

BOLAND BOTTELSTOOR

HOOFSTRAAT 73

PAARL

Foon 984

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS

U SAL DIE SNIT
EN STYLE WAARDEER

Steyns

DIE DAMSWINKEL
PAROW